# Die Huisgenoot

Geïllustreerde Weekblad

Onder Redaksie van J. M. H. VILJOEN

DEEL XXIX, No. 1191 19 JANUARIE 1945 PRYS 4d.


## Katalogus van S.A. Musiek

DIE eerste katalogus, sover ons weet, van Suid-Afrikaanse musiek is onlangs deur die Johannesburgse Openbare Biblioteek gepubliseer. Dit is 'n lys van die gedrukte musiekwerke in die Strange-Africanaversameling. Dit sluit musiek deur Suid-Afrikaanse komponiste in, musiek wat in verband met Suid-Afrika of Suid-Afrikaanse gebeurtenisse staan (afgesien van waar die stukke gepubliseer is), en musiek wat in Suid-Afrika self uitgegee is.

Die publikasie van hierdie katalogus is in meer as een opsig van belang. Die musiekafdeling in die Strange-versameling is op verre na nie volledig nie, en hierdie lys verrig die belangrike funksie om die leemtes in die versameling aan te toon. Dit stel welwillende uitgewers, komponiste en private versamelaars in staat om die leemtes te help aanvul òf deur skenkings òf deur die biblioteek in kennis te stel waar ontbrekende stukke verkry kan word. Terselfdertyd kan onjuisthede omtrent datums van publikasie, skuilname e.d.m. — onjuisthede wat in so 'n eerste en voorlopige katalogus onvermydelik is — deur ander versamelaars en kenners aangetoon word.

Oor die gehalte van die oorgrote meerderheid gepubliseerde Suid-Afrikaanse musiek is daar nie veel te sê nie: kunswaarde besit dit meestal glad nie. Maar vir die kultuur-historikus wat die geskiedenis van ons kultuur en die aard en ontwikkeling van die musieksmaak in Suid-Afrika wil beskryf, is 'n volledige katalogus van Suid-Afrikaanse musiek van die grootste belang. Met die nodige welwillende samewerking en belangstelling van uitgewers, komponiste en private versamelaars kan die katalogus van die Johannesburgse Openbare Biblioteek die grondslag vir 'n min of meer volledige lys van Suid-Afrikaanse musiekwerke word.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012